Arctocyonidae

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

Die **Arctocyonidae** is 'n familie uitgestorwe soogdiere uit die Paleogeen. Die familie word gewoonlik in die (asblik)orde "Condylarthra" geplaas en onlangse taksonomiese ontleding (Halliday 2015[1]) van vroeë soogdiere het aangetoon dat ook die familie Arctocyonidae waarskynlik polifileties is.

Die familie bevat genusse soos

- *Anacodon*
- *Claenodon*
- *Thryptacodon*
- *Chriacus*
- *Oxyclaenus*

wat dalk 'n sustergroep van die Palaeoryctidae en die Creodonta is.

Die genusse

- *Arctocyon*
- *Loxolophus*

is dalk 'n susterklade van die Periptychidae en Pantodonta.

Die genusse

- *Goniacodon*
- *Eoconodon*

is dalk 'n susterklade van die Mesonychia en Carnivoramorpha]

Al drie hierdie groepe val nogtans binne die kroongroep Ferae van die Laurasiatheria

Die genus *Protungulatum* (uit die Kryt) word soms ook as 'n lid van hierdie familie beskou.[2] Dit is nogtans in 1988 deur Prothero, Manning & Fischer daaruit uitgesluit en Halliday et. al vind dat dit saam met Purgatorius 'n lid van die Eutheria is wat buite die kroon-Plasentalia val.[1]

Verwysings

1. *Resolving the relationship of Paleocene Placental mammals, THOMAS J. D. HALLIDAY, PAUL UPCHURCH, ANJALI GOSWAMI Biological Reviews 92(1) 2015, 521-550*
2. Fossilworks (http://fossilworks.org/bridge.pl?a=taxonInfo&taxon_no=40211).

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Arctocyonidae&oldid=1790538"

Die bladsy is laas op 8 September 2018 om 08:50 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.